SEKRETARISTOER : 19 NOVEMBER 2016

Die 2016 Sekretaris toer was weereens ‘n reuse sukses, met nie minder nie as 10 motors wat deelgeneem het. Erelid Johan Prinsloo, met sy pragtige Chevrolet en Leon Coertzen met sy Ford was van die oudste inskrywings.... en ek praat nou van die motors hoor! Ons het 40km uitgery op die Jagesfontein pad en moes ‘n tydren roete ry gebasseer op spoed en stiptheid. Die stophorlosie (en somtyds die navigator) was die baas.

Philip Heyns was die roete meester en het ‘n heerlike roete beplan. Somtyds was die groen watertenk maar eerder ‘n bietjie na aan die bruin kant toe gewees.... maar soos hulle sê..... 50 shades of green.... Lekker verversings was bedien by die halfpad merk en ons kon die tydren voltooi na die klubhuis.

Die uitslae was soos volg:

1ste plek: Theo Potgieter en Zosia in ‘n 1977 Mercedes 300D met 18 straf punte
2de plek: Jimmy en Cathy McDonald in ‘n 1955 DKW met 38 straf punte
3de plek: Jan Hugo en Judy in ‘n 1953 Citroën light 15 met 53 straf punte
4de plek: Chris Kuhn en Christiaan Jnr in ‘n 1961 Mercedes Fintail met 110 straf punte

Ons hoop dat daar meer lede sal deelneem in die nuwe jaar. Deelnemers is ook welkom om net saam te ry soos Pierré Maartens, Johan Ackerman en Fanie du Preez daarvan sprekende voorbeelde was. Nogmaals dankie aan Philip vir ‘n uitdagende roete beplanning.

- Theo Potgieter -